CORNÉ SKOK MET STAALDRAAD-ONTHULLINGS – Sport

R7,50 (BTW ingesluit)
Namibië N$8,50 (AVB en aksyns-belasting ingesluit)

TROTS SUID-AFRIKAANS

ONS PRAAT JOU TAAL

Rapport

www.rapport.co.za
epos: rapport@rapport.co.za

SONDAG, 30 OKTOBER 2005

Jaargang 36, nr. 44

CHARLIE EN HAAR VETTERIGE HARE – 3

GROOT GEES VAN VRYSTAAT-RUGBY STERF – 2

Lotto: 12, 16, 21, 22, 37, 49 en bonus 27. LottoPlus: 2, 16, 29, 31, 32, 44 en bonus 18. Kry gister se Lotto-uitbetalings by ☎082-231-0016

Nuwe 'kubus'-slenter

'Voorblad' se Rian klim uit die kas

MARLENE MALAN
Kaapstad

Die parmantige TV-aanbieder Rian van Heerden het Vrydag in 'n middernagtelike brief aan Rapport erken hy is gay. Sy emosionele stryd is verby. En ja, hy hét uiteindelik vrede, sê die aanbieder van die skinder-TV-program *Voorblad* gister in 'n onderhoud aan Rapport.

Nou wil hy uit die kas klim om die seërkry van baie ander mense soos hy te keer.

"Ek wil keer dat hulle oor die afgrond stort," sê Van Heerden (31).

In 'n roerende brief wat hy Vrydagnag per e-pos aan Lukas Meyer, nuusredakteur van Rapport, gerig het, stort hy sy hart uit oor sy seksuele oriëntasie. "Wie by sy regte verstand sal kies om gay te wees? Wie wil 'n valse lewe leef en gereeld in vrees lewe?"

Van Heerden sê hy het besluit om uit te praat ná die besluite van die streeksinodes – die afgelope week weer die Vrystaatse sinode – dat die uitleef van 'n gay lewenstyl sonde is.

Die sinodebesluite en die menings van teoloë die afgelope ruk dat homoseksualiteit " 'n gruwel voor God is", het vir hom te veel geword. "Ek is nou keelvol hiervoor. Ek is so normaal soos enige ander mens. Gay mense is normale mense. Ek dra nie my sussie se onderklere nie. Ouens soos ek hardloop nie rond in optogte nie. Ons is nie natuurfratse nie. Ons het geën ander keuse nie.

"Nou wil ek keer dat ander mense hul eie lewe verwoes hieroor, eerder as om hieroor uit te praat en openlik oor hul lewe te wees, soos ek.

"Daar is baie mense wat dié stryd gestry het en nié aan die ander kant uitgekom het nie – mense soos Johannes Kerkorrel en Barrie Hough. Dit mag nie weer gebeur nie. Mense soos ek mag nie verwerp voel nie."

Jare gelede was hy op pad om in die teologie te studeer, maar hy het dit gelos omdat sy seksualiteit in die pad daarvan gestaan het.

"Eers het ek gedink dis net 'n fase, maar dit was toe nie. Daar is soveel reëls wat nie meer kan geld nie. Ouens kyk gerieflikheidshalwe daarteen vas."

Die dae van sy eensaamheid en die wegsteek van sy "geheim" is verby, sê Van Heerden.

"Maar waar ontmoet jy iemand vir wie jy omgee as jy jou nie aan vervolging wil blootstel nie? Watse seine stuur jy uit na mense om te kyk of so iemand by jou pas?"

Afsondering is die grootste gruwel, sê Van Heerden. "My punt is dat niemand só 'n lewenstyl van absolute verwerping vir homself sal kies nie. Nou het ek aan myself gesê: dit is hoe dit is. Ek het myself aanvaar. Ek wil nou vir die wêreld sê: kyk, hier is 'n gay mens. Dis hoe 'n gay ou lyk. Dis hoe 'n gay ou funksioneer. Ek is nie minder manlik nie. Daar is niks sinisters aan my nie."

Dis vir hom pateties dat bekende mense wat gay is, wegkruip en bang is om oor hul seksualiteit te praat.

"Ek ken 'n gewilde radio-omroeper wat gay-kroeë in Melville besoek, maar agter 'n hoed wegkruip uit vrees dat mense hom herken. Jare gelede het ek in Waterkloof saam met 'n aantreklike ou, David, gewerk wat baie gewild was by die meisies. Eendag het hy gesê hy verkies iemand soos ek. Net daarna het hy homself doodgeskiet.

"Ek wil sulke mense, wat nie hul eie emosionele stryd kan hanteer nie, help."



UIT DIE KAS. . . Rian van Heerden wat in 'n brief aan Rapport erken het hy is gay. Foto: CHRISTIAAN KOTZE

Nou, vier dae voor sy 32ste verjaardag op 2 November, is dit 'n goeie tyd om uit die kas te klim, sê Van Heerden.

Lank gelede, voor sy pa, Esli, se dood so 'n paar jaar gelede, "het ons in 'n restaurant gesit toe ek hom vertel het. Sy enigste reaksie was: Gee aan die tjips. Wat beteken het dit was geen *issue* vir hom nie. En ek is nog nét so 'n seun vir my ma, Rona. Niks het verander nie. Maar die dae dat ek 'n leuen leef, is verby."

■ **Lees Rian se volledige brief op bl. 3.**

Adriaan Nieuwoudt se foefie ontmasker

ELISE-MARIE TANCRED
Kaapstad

Adriaan Nieuwoudt is besig met 'n nuwe slenter.

Die gewese kubuskoning se openbare verkoping van aandele in sy kaolienmyn op sy plaas, Rondawel, net buite Garies, is weliswaar meer "kreatief, opportunisties en riskant" as sy vrotmelkskema, maar volgens regskenners steeds "regsmank".

In 'n ondersoek deur Rapport het regsgeleerdes die afgelope week Nieuwoudt se nuwe poging om Suid-Afrikaners "te help om stadig ryk te word" as 'n foefie ontmasker wat in stryd is met die Maatskappyewet.

Nieuwoudt maak al geruime tyd gewag van die hoëgraad-kaolien wat hy in tonne na die wêreld se snelsgroeiende ekonomie, China, gaan uitvoer en só groot geld gaan maak.

Hy het in September aan Rapport gesê dat hy "die tafel dek en die publiek nooi om aan te sit vir die maal". Sy plan om 15 miljoen aandele in sy kaolienmyn by Garies via 'n beslote korporasie per openbare tender te verkoop, is die afgelope twee maande in advertensies bekend gestel. Daarvolgens kry die publiek "hul laaste kans" om teen R3 per aandeel in dié rykdom te deel wat "potensieel en onbetwisbaar" meer as R100 per aandeel werd is.

Maar 'n prokureur van Stellenbosch wat spesialiseer in handelsreg, mnr. Dirk Kotzé, sê sy "hare het gerys" toe hy Donderdag die fyn skrif van een van die advertensies in 'n dagblad lees.

Die aandele van die publieke maatskappy Garies Kaolien Bpk. word tweedehands en "voetstoots" deur Rondawel Kaolien BK ('n beslote korporasie) verkoop.

"Elke suksesvolle koper kry 'n aandelesertifikaat en met blinde geloof glo hulle dat Garies Kaolien Bpk. vir hulle gaan geld maak.

"In der waarheid het hierdie kopers geen seggenskap of beheer oor wat die lede van die BK met die opbrengs van die verkoping – wat glo meer as R45 miljoen kan beloop – doen nie."

Kotzé wys daarop dat die BK en die publieke maatskappy twee afsonderlike regspersone is.

"Niemand weet hoeveel geld of bates Garies Koalien Bpk. het nie en totdat die teendeel bewys word, is die aandele ook nie die papier van die sertifikate werd nie," meen hy.

Aandele-kopers is in presies dieselfde posisie as iemand wat 'n gebruikte voertuig voetstoots koop – daar is geen waarborge nie.

Volgens Kotzé maak die skema 'n totale bespotting van die beginsel van deursigtigheid en is dit teen die gees en strekking van die Maatskappyewet, Wet nr. 61 van 1973.

Dit is nie duidelik hoeveel mense al aandele gekoop het nie.

Nieuwoudt het vroeër vanjaar aan Rapport gesê hy het aanvanklik net aandele aan sy 10 000 Kibus-lede verkoop teen R2,50 per aandeel.

Een lid het R70 000 se aandele gekoop en ander elk R10 000 s'n.

Rapport vermoed Nieuwoudt sit reeds met miljoene rande van "aandeelhouers" – dít terwyl sy "ryk grond" onaangeraak lê en daar ook geen bewyse van 'n kontrak met die Chinese is nie. Hy beweer die aandele is altesame R75 miljoen werd.



Mnr. Dirk Kotzé se "hare het gerys" toe hy die kubuskoning se advertensie noukeurig gelees het. Foto: NASIEF MANIE

Prof. Kathleen van der Linde, hoogleraar in maatskappyereg aan Unisa, sê sy kon "my oë nie glo" toe sy die advertensie lees nie waarin Nieuwoudt volgens haar homself in die voet skiet.

Volgens die advertensie word die aandele ingevolge artikel 141(2)(d) van die Maatskappyewet aangebied en word gemeld dat die rede vir die aanbod die verpligte publieke verspreiding van aandele as voorvereiste tot notering op die JSE is.

"Dit plaas die aanbod onder artikel 146 van die wet en nie onder artikel 141, of dan wel die nadruklike uitsondering waarop Nieuwoudt staatmaak nie," sê Van der Linde.

"Die aanbod mag nie sonder 'n prospektus gedoen word nie. 'n Afskrif van die behoorlik geregistreerde prospektus moet elke aansoekvorm vergesel, insluitende die 'tendervorm' van die advertensie.

"Die beslote korporasie begaan dus 'n strafregtelike oortreding deur hierdie aanbod sonder 'n prospektus te doen."

Van der Linde sê die Maatskappyewet probeer juis om die beleggerspubliek te beskerm deur die "openbaarmakingsbeginsel" waaraan 'n prospektus of 'n skriftelike verklaring moet voldoen. In die geval van die Garies-aanbod vereis die wet 'n prospektus.

Nieuwoudt, wat gister op die Rittelfees op Vredendal was, het Rapport gister gedreig met 'n dringende hofbevel om die publikasie van dié berig te stuit. "Hier is groot geld by betrokke. As julle die risiko wil loop om hieroor te skryf, kan ek julle nie keer nie, maar dit gaan net onnodige twyfel by die publiek wek wat groot verliese meebring."

Hy het voet by stuk gehou dat hy alle regsvoorskrifte nagekom het en dat sy aanbod aan die publiek eg, eerlik en sonder skelmstreke is. "Loop lees die regsboeke weer. Ek probeer die arme gewone Afrikaner ophef en julle wil dit dooddruk. Hier is meer as R45 miljoen en jare se harde werk betrokke wat julle gaan vernietig," het hy gesê.

■ **Lees ook berigte op bl. 2.**

Help vóórdat polisie knak, smeek artse

INGE KÜHNE
Johannesburg

Terapeute in drie provinsies het die afgelope week gevra om dringende ingryping deur die polisiebestuur om te keer dat die verswakkende geestesgesondheid van talle polisielede wetstoepassing knou.

Elders in die land weier sommige psigiaters om polisielede te behandel weens hul frustrasie oor die gebrek aan ondersteuning vir hul pasiënte binne die polisie. Terapeute landwyd is dit eens dat die situasie gevaarlik is, nie net vir polisielede en hul gesinne nie, maar ook vir die gemeenskap wat die lede dien.

Dit kom nadat minstens drie Suid-Kaapse polisiebeamptes binne vyf weke selfmoord gepleeg het – een van hulle nadat hy sy gesin uitgewis het – en die dodetal weens polisie-selfmoorde in Noordwes nou 'n onrusbarende een per maand is.

En in Gauteng het die dokter-pa van 'n geknakte polisieman die afgelope week openhartig vertel hoe sy seun in dertien jaar as lykhuisbeampte verander het van 'n saggeaarde man in 'n gevaarlike geweldenaar in uniform (lees die berig op bl. 6).

"Ons sien daagliks al hoe meer polisielede van alle rasse en range in ons spreekkamers . . . wat ly aan wisselende grade van depressie en angsversteurings. Dit het 'n groot rol gespeel in die onlangse selfmoorde," skryf twintig bekommerde dokters en psigiaters van Potchefstroom in 'n brief aan die kommissaris van die polisie in Noordwes en die minister van veiligheid en sekuriteit. Die brief sal môre amptelik aan die kommissaris oorhandig word.

Minstens sewe polisiebeamptes het sedert April in Noordwes selfmoord gepleeg.

Die dokters waarsku die situasie is só ernstig dat dit die polisie se dienslewering kan strem. Hulle pak grootliks die skuld op "die huidige bestuurstyl" van die polisie vir die "spanningsvolle omstandighede wat die polisielede en hul gesinne só negatief beïnvloed".

Hulle sê hul pasiënte beleef onder meer daaglikse trauma, 'n onmoontlike werklading, diskriminasie en venynige dissiplinêre aksie wat neerkom op viktimisasie.

Luidens die polisie se jaarverslag word een uit ses polisielede in Noordwes jaarliks dissiplinêr aangekla en een uit tien lede het strafregtelike klagte teen hulle.

In dié omstandighede "tree lede impulsief op, met ernstige gevolge vir hul persoonlike lewe, hul gemeenskappe en die polisiediens".

"Geen organisasie met sulke interne probleme kan 'n diens van gehalte lewer nie," waarsku hulle.

Intussen sê terapeute buite die polisie dat hulle hul vasloop teen 'n onsimpatieke bestuur en wedersydse wantroue tussen lede en hul bevelvoerders.

Vrees vir viktimisasie as dit rugbaar raak dat hulle sielkundige hulp kry, is só erg dat polisielede soms selfs uit hul sakke daarvoor betaal eerder as om die polisie se siekefonds te gebruik. Talle polisiebeamptes weier ook om van die polisie se interne ondersteuningsdienste gebruik te maak.

Die polisie kon die afgelope week nie nasionale statistieke verskaf oor die aantal selfmoorde in hul geledere nie. Volgens sr. supt. Mohlabi Tlomatsana, nasionale polisiewoordvoerder, kán sulke syfers bekom word, maar dit sal tyd kos om die somme te maak.

Die Instituut vir Sekerheidstudie het egter in 2000 navorsing gepubliseer wat toon dat die selfmoordkoers in 1999 gestaan het op sowat 11 uit 10 000 polisielede per jaar. Dit is baie hoër as in New York, waar die gemiddelde koers minder as 3 per 10 000 was, maar heelwat laer as in 1995, toe die kans dat 'n lewe in selfmoord eindig 11 keer groter was vir Suid-Afrikaanse polisielede as vir die groot publiek.

■ **Nog berigte op bl. 6.**